

17 November

Lukas 5:27-32

Levi se radikale breuk met sy verlede

Vir Levi die tollenaar het alles in 'n oogwink nuut geword. Sy lewe het in 'n oomblik totaal verander nadat Jesus self met hom gepraat het.

Dié man het rustig by die tolhuis gesit toe Jesus hom uit die bloute aanspreek: Volg my. En dit in die nabyheid van die skoorsoekende Fariseërs. Daarna gebeur drie radikale dinge: Hy staan op, hy laat sy hele bedryf net daar, hy volg Jesus. Sy algehele verandering word verder beklemtoon toe Jesus hom nie meer Levi noem nie, maar Matteus. Hy praat nie teë nie, hy wil nie eens sy huisgesin dadelik gaan vertel wat hy besluit het nie. Christus se deurbraak was radikaal. 'n Swaard het van die hemel deurgedring tot in sy lewe. Hy het die dokter nodig gehad, want hy was siek soos Jesus op Levi se afsheidsmaal aan die ander tollenaars gesê het.

In 'n siek wêreld van korrupsie is die Groot Geneesheer dringend nodig. Dit is Hy wat deur sy Woord 'n radikale breuk met die verlede kan bring. Sy almagswoord is gesonde antibiotika vir die sonde deurdrenkte, ongeneeslike siek wêreld, sodat die oë kan oopgaan.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)